Week van Gebed 2023

Gebed is seker een van die belangrikste aspekte van elke Christen se lewe. Dit is ons belangrikste kommunikasiekanaal met God. Dis ons lewensaar. Dit was vir Jesus belangrik, daarom moet dit vir elkeen van ons ook belangrik wees. Aan die begin van elke jaar het ons die geleentheid om die jaar aan die Here op te dra. Dit stop egter nie aan die einde van hierdie week nie, maar ons vra dat jy gedurig deur die loop van die jaar sal bid vir die gemeente. Gebruik gerus hierdie toewydingsgedeeltes om jou gedagtes elke dag te fokus op die belangrikheid van gebed en doen in besonder moeite om hierdie week die gemeente en sy werksaamhede aan die Here op te dra.

Maandag 23 Januarie

Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen. – Matt. 14:23

Jesus se gebedslewe was die sleutel tot beide sy lewe en bediening. Deur die hele geskrewe rekord van Jesus se aardse bediening is dit duidelik dat gebed een van die opvallendste kenmerke van sy lewe was. In elke krisis, in elke situasie waar Hy ‘n deurslaggewende besluit moes neem, sien ons Hom bid. Tydens Sy doop het Hy gebid tot die hemel oopgaan en die Gees op Hom neerdaal terwyl die Vader Hom verseker het: *”Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My”* (Luk. 3:22). Dit was aan die einde van Sy lewe steeds so, deurdat Hy aan die kruis bid (Matt. 27:46). Jesus se lewe was gebou op en gerig deur sy volgehoue kommunikasie met die Vader. Dieselfde moet in ons lewens sigbaar wees.

- Tot watter mate word jou lewe gekenmerk deur gebed?
- Watter waarde het gebed vir jou?
- Praat vandag met die Vader en deel met Hom wat op jou hart is. Bid in besonder vir die gemeente dat ons soos klei in die hande van die Here sal wees.

Dinsdag 24 Januarie

1 Tessalonisense 5:17 is een van die kortste, maar veelseggendste verse in die Nuwe Testament: *"Bid gedurig."* Dit lyk asof 1 Tessalonisense ons hele lewe in die sfeer van die

gebed wil plaas. Met ander woorde, nie net as ek op my knieë is nie, maar ook my stuurwielgebede, my skietgebede, my noodgebede, my gesprekke, my werk wat ek doen, word deur hierdie vers in die genadige kring van gebed ingetrek.

Gebed maak my bly, is af te lei uit vers 16 en gebed maak my dankbaar sien ons in vers 18 - in alle omstandighede. Want iemand wat bid, erken dat God lewe en dat Hy magtig is en dat Hy genadig is. As ek dit erken, kry ek perspektief op my probleme: dit is nooit groter as God nie, dit is nooit só dat Hy nie iets daaraan kan doen nie. Gebed is my deurlopende kontak met God, my lewenslyn. Niemand kan dit van my wegneem nie.

- Hoe gereeld is jy in gesprek met God?
- Laat die dat die woorde: “Bid gedurig” vandag die heeltyd in jou gedagtes bly en wees oop vir God se inspraak in jou lewe rondom hierdie woorde
- Bid vandag dat blydskap en dankbaarheid ons lewens hierdie jaar sal inkleur...dat ons blydskap en dankbaarheid vanuit ons gebedslewe sal groei.

Woensdag 25 Januarie

Om te volhard is om aan te hou ten spyte van hoe jy baie keer voel en dink en wat jy selfs sien gebeur. Die Woord moedig ons aan om rateltaai te wees as dit by ons gebedslewe kom. Ons moet volhard! (Kol. 4:2) Jy moet aanhou ten spyte van omstandighede. Jy moet nie moed opgee nie. Paulus sê voorts dat in die proses van volharding moet ons ook waaksaam wees. Die duiwel kan ons so aanval dat ons moedeloos raak, dat ons eerder moet opgee oor gebed. Dat ons voel dit werk nie. Gebed is om aan te hou smeek by die lewende en almagtige God. Die Een by wie alles moontlik is.

- Wat is moontlike struikelblokke in jou volhardingsproses ten opsigte van jou gebedslewe?
- Neem vandag ‘n besluit dat jy sal aanhou bid vir sake, ten spyte van wat jy dalk sien, hoor of ervaar.

Donderdag 26 Januarie

Jesus kom leer ons in Matteus 6:9-13 hoe om te bid. Sekerlik een van die belangrikste aspekte wat hierin na vore kom is dat Jesus sy dissipels leer dat verhouding en gebed baie na aan mekaar is. Lees hierdie gebed van Jesus en laat toe dat die Heilige Gees jou bedien deur die loop van die dag vanuit hierdie gebed.

Jy word ook spesiaal genooi na vandag se **Toewydings-nagmaal** by die kerk. Jy is welkom om vanaf 10:00-12:00 en weer van 17:00-18:30 na die kerkgebou te kom om in toewyding aan die Here nagmaal te kom gebruik.